WorksheetCloud: Memorandum

Graad: 3

Leerarea: Huistaal

Onderwerp: Meervoude

Meervoude:

Oop lettergrepe

Lees elke sin en verander die onderstreepte woord na die meervoud:

1. Die skaap wei tussen al die baal.

1. Die skape wei tussen al die bale.

2. Al die siek mense het seer in hulle keel.

2. Al die siek mense het sere in hulle kele.

3. Die voël het streep op sy veer.

3. Die voël het strepe op sy vere.

4. Na al die vuur gebrand het is daar baie kool.

4. Na al die vure gebrand het is daar baie kole.

5. Skool het koor wat vir uur kan sing.

5. Skole het kore wat vir ure kan sing.

6. Die muur van die skuur is vol kraak.

6. Die mure van die skure is vol krake.

Maak jou eie sinne met die volgende woorde:

mane: Daar is planete met baie mane in die hemelruim.

hase: Al die hase in die tuin eet wortels.

hane: Die hane kekkel en kraai vroeg soggens.

strome: Die strome in die see is baie sterk.

drome: Ek het groot drome vir myself as ek groot word.

bene: My bene pyn as ek heeldag rond hardloop.

mere: Daar swem eendjies in die mere.